



LAERSKOOL SIMON VAN DER STEL

WATERLOO GREEN - WYNBERG 7800

TEL: (021) 762-2234 / 797-0494 - FAKS: (021) 797-1978

E-POS: admin@svdstel.co.za / finansies@svdstel.co.za /
personeel@svdstel.co.za / ekasner@svdstel.co.za

11 Januarie 2019

Omsendbrief 1/2019

Geagte Ouers



Hartlik welkom terug aan elkeen van u en mag 2019 u beste jaar ooit wees! 'n Spesiale woord van verwelkoming aan al die nuwe ouers. Baie dankie dat u by ons aangesluit het en mag u verbintenis met ons skool lank en gelukkig wees.

Op hierdie stadium wil ons graag die volgende inligting met u deel:

A. Personeel

Baie welkom aan elke personeellid en baie sterkte en voorspoed vir die belangrike werk wat elkeen van u met soveel ywer doen.

'n Spesiale woord van verwelkoming aan mev. M. Theron (Gr 3), M. Klaase (Skeppende Kunste en Lewensvaardighede), M. Meyer (Gr.4M en Koor) en mej. E. Van der Westhuizen (Gr. 5 en Berading) wat by ons aangesluit het. Mev. Theron, wat tydelik by ons aangesluit het, het baie jare ondervinding in die Grondslagfase en sy het al vantevore by ons onderrig gegee. Mev. M. Klaase het vir lank onderrig gegee by 'n Educare Sentrum, sy was vir vyf jaar hoof van 'n Educare Sentrum, sy is al vir 'n paar jaar betrokke by ons skool se Word Works en het uitstekende opleiding in Kuns. Mev. M. Meyer het ook baie jare se onderrig- en koorondervinding en is al vir 'n baie lang tydperk aan ons skool verbonde. Mej. Van der Westhuizen het baie onderrigondervinding in die Grondslag- en Intermediêre Fase en sy het o.a. ook 'n M.A. graad in Teologie. Ons is bevoorreg om sulke bekwame onderwysers op ons personeel te hê en ons wens elkeen van hierdie nuwe personeellede 'n lang en aangename verbintenis met ons skool toe.

B. Skryfbehoeftes

Baie dankie aan elkeen van u wat al u skryfbehoeftes betaal het. Daar is egter nog enkeles uitstaande. Dit veroorsaak dat almal nog nie hul skryfbehoeftes het nie en dus nie volledig in die klas kan deelneem nie.



Ons wil 'n dringende beroep doen op diegene van u wat dit nog moet betaal om dit op die laaste teen Maandag te doen, sodat ons akademiese program vlot kan verloop.

C. Sportrooster

Aangeheg vind u die sportrooster wat alreeds vanaf eerskomende Maandag in werking tree.

D. Kwartaalprogram

Ons wag nog op sekere datums van buite instansies om ons kwartaalprogram te finaliseer en sal dit so spoedig moontlik aan u stuur.

E. School Communicator

Ons wil graag al ons ouers aanmoedig om die School Communicator op jul rekenaars en selfone af te laai. Dit hou u ingelig oor wat by die skool gebeur. Dit word outomaties opgedateer en gee u al die jongste nuus en kalenderinligting oor geleenthede wat voorlê.

U kan die “app” of toepassing aflaai vanaf die School Communicator-webwerf: www.school-communicator.com/downloads. Wanneer u dit aflaai, klik eers op “save” en dan “run”. U kan die School Communicator laai op soveel rekenaars as wat u wil.

U kan die d6 School Communicator ook op u selfoon installeer. Daar is verskillende apps vir Blackberry, iPhone, en Android. Gaan na www.school-communicator.com/downloads van u foon af om die app op u selfoon te installeer.



Verdere inligting sal volg tydens oueraand.

F. Oueraande:

Ons oueraande word volgende week aangebied:

Dinsdag, 15 Januarie (Gr. R – 3)

Donderdag, 17 Januarie (Gr. 4 – 7).

Dit is baie belangrik dat u dit bywoon, aangesien elke onderwyser(es) waardevolle inligting rakende reëlings en akademie in sy/haar klas met u gaan deel.

G. Skooltye

Neem asb. kennis van skooltye:

<u>Aantreeklok</u>	08:00
<u>Gr.0 & Gr.R</u>	07:45 – 12:15
<u>Gr.1 & Gr.2</u>	08:00 – 13:20
<u>Gr.3 (Maandae & Donderdae)</u>	08:00 – 14:30
<u>(Dinsdae, Woensdae & Vrydae)</u>	08:00 – 13:20
<u>Gr.4 tot Gr.7 (Maandae tot Donderdae)</u>	08:00 – 14:30
<u>Gr.4 tot Gr.7 (Vrydae)</u>	08:00 – 13:20
<u>Eerste Pouse</u>	10:30 – 10:50
<u>Tweede Pouse</u>	13:20 – 13:35

H. Kommunikasie

Voortdurende kommunikasie met u is van die allergrootste belang. Dit sluit enige vorm in, onder meer gesprekke, telefoonoproepe, briewe, e-posse en nog meer.

Ek en die personeel wil u opnuut uitnooi om enige sake rakende die skool of u kinders met ons te kom bespreek. **Moet asseblief nie kinders op die skoolgrond konfronteer nie.** Indien u my of die onderwysers wil kom besoek, is u baie welkom. Maak asseblief 'n afspraak aangesien klastye nie vir afsprake aangewend gaan word nie, maar wel af periodes of na ure. Meld asseblief eers by ontvangs aan wanneer u 'n afspraak met my of een van die personeellede het.

I. Algemene reëling

Dringende versoek aan Gr.1 – 7 ouers: Laai asseblief u kind(ers) by die skoolingang by die sirkel af en groet u kind buite die hek. Parkering is ook beperk. U kind(ers) pas baie gouer aan by die skoolreëls en dit maak die onderwysers aan diens se werk en beheer baie makliker.

J. Besproeiing

Net ter inligting: Ons skool is in die gelukkige posisie om boorgatwater te mag gebruik vir die besproeiing van ons sportveld.

Vriendelike groete

MEV. L.L. HEFER
WND. SKOOLHOOF

